NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF
verskil

- **Webblad:** http://www.noordsin.co.za
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/
- **Kampterreine:**
  Badseloop: Bespreek by Emiele Nel 083 391 6361 / badseloopjeugkamp@gmail.com;
  Magaliesberg : Bespreek by Anvie Ventures, 044 696 6585 / info@anvieventures.co.za.
- Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

31 Maart 2023: Nr 12/2023

Warmnuus

Verskil

In die lig van die skoolvakansie gaan die volgende uitgawe van die nuusbrief eers weer op *14 April* verskyn.

Deernis – Begrip – Waardering

Hierdie drie kernwoorde, ***deernis, begrip en waardering***, verwoord op ’n besondere manier die Noordelike Sinode se fokus vir hierdie jaar. **Kliek hier** vir die volledige inligting.

Dit word ook duidelik verbeeld in die logo:

- Die stewige greep van die hande simboliseer iets van die intensiteit van ons voorneme om mekaar vas te hou.
- Die onvolmaakte sirkel simboliseer dat om mekaar vas te hou ‘n moeilike voorneme is. Dalk gaan ons sukkel om dit reg te kry en daarom gaan dit baie energie en toewyding van ons vra.

Gemeentes en ringe kan hierdie logo na goeddunke op aankondiginge, plakkate en op ander plekke gebruik. [**Kliek hier** om die logo af te laai].

Sinodenuus

Tekslees met ’n verskil

Dinsdag 4 April (11:00) – **Jeremia 31:1-6**
Zoom: https://us02web.zoom.us/j/89070467087?pwd=S01PL2ZKaDdJYm9CenBVUzc2T3RuUT09
Meeting ID: 890 7046 7087 / **Passcode:** 236261
Kontak: Fanie Cronjé [083 415 1452] vir meer inligting.

Pinkster 2023

Een van die maniere hoe die SDR meen dat om ***mekaar vas te hou*** prakties gestalte kan vind, is deur te vra dat in soverre as wat dit moontlik is, alle gemeentes vanjaar oor dieselfde tema Pinkster hou. Die keuse het op Jesus se gebed, die ONSE VADER, geval. Die SDR het daarom ook ‘n taakspan onder leiding van Bernice Serfontein in die lewe geroep, wat teen einde April pinkstermateriaal gereed sal hê om deur gemeentes gebruik te word.

Kollega- en ander personeelnuus

❖ Hospitaal

Ansa Ungerer [Eggenote van Dewyk van Raslouw] was in die hospitaal.

Tienie Bosman [Suidoos-Pretoria] het ‘n mediese prosedure in die Kaap ondergaan.

❖ Bevestigings

<<< Hennie van Schalkwyk (emeritus en voorheen van Vryheid-Wes) word op Saterdag, *1 April*, in ’n vastetermynpos van 3 jaar by **Môregloed** bevestig. Sy intreepreek is op 2 April 09:00.

>>> Freddie Prozesky [Malopo] het die beroep na **Pietersburg-Noord** *aanvaar.* Hy word op *7 Mei* in dié gemeente bevestig as voltydse leraar.

❖ Emeritaat

<<< Daniel de Vos [Sesmylspruit] emeriteer en sy afskeidspreek vind op Sondag, *16 April* plaas.

❖ Verjaarsdagwense

02/04 Hendrik Lambrecht [Wespoort]
Dopper Erasmus [Emeritus]
03/04 Jeandré Slabbert [Villieria]
06/04 Attie van Niekerk [Emeritus]
07/04 Thys Lourens [Emeritus]
08/04 Rinus Wassermann [Kerk-in-Suid]
Louis van Deventer [Emeritus]
Hannes Weyers [Emeritus]
09/04 Berto Boshoff [Emeritus]
14/04 Francois du Toit [Emeritus]
15/04 Fanie Cronjé [Lynnwood]
George Hugo [Emeritus]

03/04 Marnell Botha [Eggenote van André, Naboomspruit]
05/04 Petro van Beek [Eggenote van Wynand, Pietersburg]
06/04 Marius Ferreira [Eggenoot van Bettie, Waverley]
08/04 Ronelle Bosman [Eggenote van Lourens, Suidoos-Pretoria]
09/04 Grieta van Vuuren [Eggenote van Piet, emeritus]
10/04 Liz du Toit [Eggenote van Flip, emeritus]
15/04 Gerda Swart [Eggenote van Snowy, emeritus]

Gemeentenuus

❖ Verjaarsdae

Piet Potgietersrust [14/04/1917]
Messina [07/04/1935]
Quaggapoort [15/04/1944]
Kameeldrif [13/04/1956]

❖ **Nylstroom-Oos**

Simfonia Juventi: Jeugsimfonieorkes
Datums:
14 April (14:00 vir 14:30) – R50 pp;
15 April (17:30 vir 18:00) – R100 pp.
Navrae: 073 411 6944.

Toerusting

❖ **Excelsus: Sentrum vir Bedieningsontwikkeling**

Jaarprogram vir 2023: Kliek hier. **Navrae**: Rika van Rensburg by excelsus@up.ac.za / http://www.excelsus.org.za/

Lentekonferensie *19-21 September 2023.* **VBO-punte** 30**.**

Sertifikaatkursus in Bedieningsvernuwing
Dink nuut oor jou bediening
Spesiaal gerig op **predikante in die middelfase van hulle bediening**. Kliek hier vir volledige inligting.
Die modules wat vanjaar aangebied word, is die volgende:

- *9-11 Mei* ***- Hoe lees ons die Bybel?*** Inligting volg binnekort.
- *24-26 Okt.* ***- Wie is God?*** Inligting volg binnekort.

Inskrywings: Kliek op die skakel en voltooi die vorm: https://forms.gle/3XvnAgKnjgeMEw126. **VBO-punte** 270.

Ander nuus

❖ **Vakatures**
Kerkbode: Kliek hier vir die vakatures in die elektroniese Kerkbode.

Lees die volgende in die jongste Kerkbode:
- Die verskynsel van nuusvermyding is ’n tendens wat die joernalis Ferial Haffajee uitsonder as een van twee goed wat vir haar en haar kollegas by Daily Maverick meeste bekommer wanneer hulle oor die toekoms van die nuusbedryf dink. Die ander is die impak van kunsmatige intelligense op nuusproduksie. Ook vir kerknuus blyk hierdie verlangsaming of selfs versadiging te dreig. **Lees hier meer**.

- Stap 'n virtuele camino vir droogtehulp saam met Amore Bekker, Lindie Stander, Jak de Priester en Johannes Bertus de Villiers! En natuurlik Elvis Blue op sy fiets!” Kliek hier vir meer inligting oor hierdie Karoo-avontuur.

❖ **Bybelmedia**
Paasfees en Pinkster: Kliek hier vir ’n reeks Christelike boeke wat beskikbaar is.

❖ **Christelike Lektuurfonds**
Nuusbrief: Nuwe seisoen vir CLF - Kliek hier om die inhoud te lees.

Naskrif